

'n Eeu van sentrale banknote in Suid-Afrika: Ekonomie, koste en voordele

Jannie Rossouw

Wits Besigheidskool, Universiteit van die Witwatersrand, Suid-Afrika

Korresponderende outeur: Jannie Rossouw **E-pos:** jannie.rossouw@wits.ac.za

Hierdie artikel toon aan dat die kontantfunksie van sentrale banke (spesifiek banknote) weinig aandag in die akademiese literatuur kry en dra dus by om hierdie leemte te vul. Banknootuitreiking kom teen 'n groot koste vir sentrale banke, maar banknote in omloop is by wyse van muntloon (seigniorage) 'n belangrike inkomstebron vir sentrale banke. In akademiese literatuur kry muntloon ook min aandag. Die koste van die muntloonverdelingssooreenkomts tussen Suid-Afrika en die Gemeenskaplike Monetêre Gebied (Common Monetary Area), naamlik Eswatini, Lesotho en Namibië, is insgelyks 'n aspek wat min aandag kry. Hierdie aspekte word as areas vir verdere navorsing geïdentifiseer.

Suid-Afrika het sedert unifikasie in 1910 sy eie onafhanklike geldeenheid, wat tot 1961 op die imperiale stelsel van £/s/d gemodelleer was. 'n Desimale geldstelsel is in 1961 in omloop gebring. Suid-Afrika het toevallig in 1961 ook 'n Republiek geword, maar die twee prosesse was totaal onafhanklik van mekaar. 'n Desimale geldstelsel was nie 'n voorwaarde vir Republiekwording, nie, terwyl Republiekwording ook nie 'n voorwaarde vir 'n desimale geldstelsel was nie. Beide Australië en Nieu-Seeland het gedesimaliseer sonder om onafhanklike republieke te word.

Sedert 1922 groei banknote in omloop betreklik konstant teen 'n gemiddelde groeikoers naby 10 persent per jaar. Die konstante groeikoers word aangeteken ten spyte van groot wisselvalligheid in die jaarlikse ekonomiese groeikoers en in die jaarlikse inflasiekoers gedurende die afgelope eeu. Hierdie groeikoers is volgehou ten spyte van die aanvaarding van nuwe betaalinstrumente soos kredietkaarte en direkte fondsoorplasing. Dit is egter nog té vroeg om te oordeel of kriptogeldeenhede soos Bitcoin 'n verandering in die groeikoers van banknote in omloop tot gevolg sal hê.

Die reële waarde van die grootste noot in omloop in Suid-Afrika het oor tyd skerp afgeneem. Tans is dit die R200-noot, wat reeds sedert 1993 die grootste noot in omloop is. Suid-Afrika is gereed vir 'n banknoot met 'n groter sigwaarde as R200, want in reële terme is R200 die laagste sigwaarde ooit vir die grootste banknoot in omloop sedert 1922 indien aangepas vir inflasie.

Selfs binne 'n kontantomgewing is die nasionale betaalstelsel van groot belang, want dit is die stelsel wat gebruik word vir transaksies op bankrekening by handelsbanke, onder meer wanneer kliënte kontant uit bankrekening onttrek of geld deponeer. Die stelsel maak intydse vereffening van transaksies op bankrekening moontlik. Dit is opvallend dat die nasionale betaalstelsel ook min aandag in die akademiese literatuur kry.

Laastens is daar 'n tekort aan vergelykende studies oor die banknootverspreidingsfunksies van sentrale banke. Studies van hierdie aard sal nuttig wees binne 'n groter vergelykende studie van die institusionele aspekte van sentrale banke.

Trefwoorde: Banknote, munte, nasionale betaalstelsel, SA Reserwebank, sentrale banke.

A century of central bank notes in South Africa: Economy, costs and benefits: This article shows that the cash function of central banks (specifically banknotes) receives little attention in the academic literature and helps to fill this void. Banknote issuance comes at a great cost to central banks, but through seigniorage banknotes in circulation are an important source of income for central banks. This matter also receives scant attention in academic literature. The cost of the seigniorage sharing agreement between South Africa and the member countries of the Common Monetary Area (Eswatini, Lesotho and Namibia) is similarly an aspect that receives little attention. Both these matters are also identified as areas for further research.

Since unification in 1910, South Africa has had its own independent currency, which was modelled on the imperial system of £/s/d until 1961. A decimal currency system was introduced in 1961. Coincidentally, South Africa also became a Republic in 1961, but the two processes were completely independent of each other. A decimal currency system was not a condition for becoming a Republic, while becoming a Republic was also not a condition for a decimal currency system. Both Australia and New Zealand have decimalised without becoming independent republics.

Since 1922, banknotes in circulation have grown at a steady pace close to 10 per cent per year. This constant growth rate is recorded despite volatility in the annual economic growth rate and variations in the annual inflation rate over the past century. This growth rate has been sustained despite the adoption of new payment instruments such as credit cards and direct fund transfers. However, it is still too early to judge whether cryptocurrencies such as Bitcoin will result in a change in the growth rate of banknotes in circulation.

The real value of the largest note in circulation in South Africa has declined sharply over time. At present it is the R200 note, which has been the largest note in circulation since 1993. South Africa is ready for a banknote with a face value greater than R200, as R200 is the lowest value of the largest note in circulation since 1922, when adjusted for inflation.

Even within a cash environment, the national payment system is of great importance, as it is the system used for the recording of transactions on bank accounts at commercial banks, including when customers withdraw cash from such accounts, or make deposits. This system enables real-time settlement of bank transactions. It is striking that the national payment system also receives little attention in the academic literature.

Finally, the literature reports a lack of comparative studies of the banknote distribution functions of central banks. Studies of such a nature will be useful within a larger comparative study of the institutional structures of central banks.

Keywords: Banknotes, central banks, coin, national payment system, SA Reserve Bank.

Inleiding

Hierdie artikel bespreek die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SA Reserwebank) se verantwoordelikhede vir die vervaardiging, verspreiding, onttrekking en vernietiging van banknote, en enkele aanverwante sake. Die SA Reserwebank vervul hierdie funksie reeds vir byna 'n eeu sedert 19 April 1922. Voor die SA Reserwebank hierdie funksie aanvaar het, is Suid-Afrikaanse banknote deur plaaslike handelsbanke uitgereik. Voor die ontstaan van plaaslike handelsbanke is buitelandse note, hoofsaaklik Nederlandse riksdaalders en Britse pondnote na 1806 (Engelbrecht, 1987:18-21) in die destydse Kaapkolonie gebruik.

Handelsbanke in Suid-Afrika (soos die geval ook in die res van die wêreld was) het hoofsaaklik banknote gedruk en uitgereik (SA Reserwebank, S.a.(a):1) wat gerugsteun is deur goud in terme van 'n goudstandaard van 77/10½ (77 sjielings en 10½ pennies) per ons goud (SA Reserve Bank, 1971:28). Die prys van goud op hierdie basis is in 1717 deur Sir Isaac Newton, die Britse Muntmeester, vasgestel en het vir byna 200 jaar gegeld (https://nma.org/wp-content/uploads/2016/09/historic_gold_prices_1833_pres.pdf). Kragtens die goudstandaard is die waarde van elke geldeenheid teen 'n vaste goudprys vasgestel en die banknote van elke handelsbank kon by die betrokke instelling ingewissel word vir goue munte van dieselfde waarde. In daardie gevalle waar handelsbanke se banknote deur goud gedek is, het die gevaar van ooruitreiking van note nie bestaan nie. Hierteenoor het ooruitreiking van ongedekte note deur handelsbanke dikwels plaasgevind.

Suid-Afrika se eerste bank was die Lombaard Bank (ook bekend as die *Bank van Leening*), wat op 23 April 1793 sy deure vir sake in Kaapstad geopen het (Arndt, 1928:191). Die Lombaard Bank is gestig met die oog op kommersiële aktiwiteite, hoewel dit ten volle in besit van die Kaapse koloniale regering was (Arndt, 1928:191). Die Lombaard Bank was dus 'n staatsbank, maar ook 'n handelsbank. Die oogmerk van die bank was dus nie om as 'n sentrale bank te funksioneer nie, maar om lenings toe te staan en 'n vorm van ongedekte banknote in omloop te plaas. Hierdie bank is in 1842 gesluit, onder meer omdat dit destyds nie langer aan die bankvereistes en -voorskrifte van die Kaapkolonie voldoen het nie.

Die eerste voorstelle vir die stigting van 'n sentrale bank in Suid-Afrika is in 1879 deur die Afrikanerbond, 'n politieke party in die destydse Kaapkolonie, gemaak (D'Assonville, 1999:203; De Kock, 1954:3; SA Reserve Bank, 1971:9). Destyds is algemeen verwys na wat vandag as sentrale banke bekend staan, as banke vir banknootuitreiking (*banks of issue*) (De Kock, 1976:1), met ander

woorde 'n instelling wat duidelik die sentralisering van die banknootuitreikfunksie ten doel het. Finansiële en ekonomiese probleme in die periode na die Groot Oorlog (*Great War*, later bekend as die Eerste Wêreldoorlog) het die stigting van 'n sentrale bank (die SA Reserwebank) in Suid-Afrika versnel.

Hierdie artikel fokus op die banknootuitreikingsfunksie van die SA Reserwebank en ontleed die groeikoers van banknote in omloop. Soos in hierdie artikel uitgewys word, kry die uitreiking van banknote weinig aandag in die literatuur oor sentrale bankwese. Trouens, die literatuur gaan mank aan 'n groter vergelykende studie van institusionele aspekte van sentrale banke. Hierdie aspekte verdien verdere navorsing sodat sentrale banke by mekaar kan leer en besparingsgeleenthede kan identifiseer, op dieselfde wyse as waarop sentrale banke uit mekaar se ondervinding in die toepassing van monetêre beleid leer. Hierdie artikel is 'n eerste stap tot die uitbreiding van literatuur oor die banknootfunksie van die SA Reserwebank en meer vergelykende studies van sentrale banke in ander velde as monetêre beleid.

Die res van die artikel is soos volg gestruktureer: Afdeling twee gee 'n kort oorsig van die stigting van die SA Reserwebank. In Afdeling drie word die banknootuitreikingsfunksie van die SA Reserwebank bespreek. Afdeling vier belig sekere ekonomiese aspekte van die uitreiking van banknote. In Afdeling vyf word die koste-aspekte en voordele van banknote bespreek. Die gevolgtrekkings volg in Afdeling ses.

Stigting van die SA Reserwebank

In die tydperk tussen die eerste oproep vir die oprigting van 'n sentrale bank in 1879 en die totstandkoming van die SA Reserwebank in 1921, is daar by verskeie geleenthede voorbrand gemaak vir die oprigting van 'n sentrale bank (SA Reserwebank, S.a.(a):1). Voorbeelde hiervan is 'n reeks artikels deur ds SJ du Toit, stigter van die Afrikanerbond, in die vroeë 1890's in 'n destydse koerant, *De Paarl*. Die koerant was destyds onder redaksie van mnr DF du Toit, ds Du Toit se broer (D'Assonville, 1999:125), wat ook bekend was as Daantjie Doktor (Grobler, 2017). Mnr J Postmus, Hoofbestuurder van De Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika, het in 1912 opnuut 'n beroep gedoen vir die stigting van 'n sentrale bank in Suid-Afrika. Postmus is in 1932 as tweede President van die SA Reserwebank aangestel nadat hy sedert 1927 as Visepresident onder mnr WH Clegg, die eerste President, gedien het (SA Reserwebank, S.a.(a):1).

Gedurende die Groot Oorlog het die Suid-Afrikaanse geldeenheid, die Suid-Afrikaanse pond, op die goudstandaard

gebly. Handelsbanke was dus verplig om hul note vir goud in te wissel (De Kock, 1954:11). Kragtens die goudstandaard was die waarde van die Suid-Afrikaanse pond ook aan die Britse geldeenheid (pond sterling) en die dollar van die Verenigde State van Amerika (VSA) gekoppel, in elke geval teen 'n vaste pariwaarde. Hierdie reëling is in Maart 1919 beëindig, toe die vasstelling van die waarde van die Britse pond teenoor die VSA dollar en goud beëindig is. Die gevolg was 'n verswakking in die waarde van die Britse pond teenoor die VSA dollar, die Suid-Afrikaanse pond-geldeenheid en goud (Gelb, 1989:54). Hierteenoor is die goudstandaard vir die Suid-Afrikaanse pond behou. Gevolglik kon goudmunte wat in Suid-Afrika bekom is deur die inwisseling van banknote, teen 'n premie in Londen verkoop word (SA Reserve Bank, 1971:10). Plaaslike kommersiële banke moes goud teen dieselfde premie in Londen koop om die nodige steun vir hul banknote in omloop te bied. In reaksie op 'n versoek dat die regering Suid-Afrikaanse handelsbanke moet vrystel van hierdie verpligting om "teen 'n verlies handel te dryf", is 'n Goudkonferensie in Oktober 1919 in Pretoria belê (De Kock, 1954:11).

Een van die besluite van die Goudkonferensie was 'n versoek aan die regering om 'n eenvormige bankwet vir die land te aanvaar (De Kock, 1954:13), aangesien elkeen van die provinsies (voorheen kolonies) na Unifikasie in 1910 steeds hul eie bankwetgewing gehad het. Vir hierdie doel het die Suid-Afrikaanse regering mnr H Strakosch (later Sir Henry) aangestel. Strakosch was instrumenteel in 'n voorstel dat die Unie van Suid-Afrika 'n sentrale bank op die been moet bring en in die implementering van die voorstel (De Kock, 1954:14; sien ook Gelb, 1989:48). Dit het uitgeloop op die aanvaarding van die Betaalmiddele en Bankwet (*Currency and Banking Act*), Wet No. 31 van 1920, wat op 17 Desember 1920 gepromulgeer is en onder meer voorsiening gemaak het vir die stigting van die SA Reserwebank as sentrale bank vir die Unie van Suid-Afrika.

Die benoeming van sentrale banke as "Sentrale Bank van ...", "Nasionale Bank van ..." of "Bank van ..." in die meerderheid van lande dui op 'n generiese beskrywing van hierdie instellings. Plaaslik is die naam SA Reserwebank egter vir die sentrale bank verkies, eerder as "Sentrale Bank van Suid-Afrika" of 'n soortgelyke generiese naam. Hierdie naam is afgelei van die Federale Reserwestelsel en meer spesifiek van die Federale Reserwebanke (*Federal Reserve Banks*) in die VSA (De Kock, 1954:38). Sedertdien is die woord *Reserve* gebruik in die name van die sentrale banke van Peru (alhoewel in Spaans, *Reserva*), wat in 1922 gestig is; Nieu-Seeland (1933); El Salvador (alhoewel in Spaans, *Reserva*), gestig in 1934; Indië (1935); Australië (1945); Malawi (1964); Zimbabwe (oorspronklik die sentrale bank van Rhodesië) (1964); Fidji (1973); Vanuatu (1980); en Tonga (1989) (Rossouw, 2008:149).

Die eerste President van die SA Reserwebank, mnr WH Clegg, het op 17 Desember 1920 diens aanvaar. Daarna is stappe geneem om die institusionele struktuur vir die bank op die been te bring (bv personeelaanstellings) en die sentrale bank het op 30 Junie 1921 vir besigheid geopen (SA Reserve Bank, 1971:12). Die eerste banknote is egter eers sowat 10 maande later uitgereik.

Banknootuitreikingsfunksie van die SA Reserwebank

Die Betaalmiddele en Bankwet het onder meer die monopolie om Suid-Afrikaanse banknote uit te reik, vir 'n aanvanklike tydperk van 25 jaar aan die SA Reserwebank toegeken (De Kock, 1954:23; Engelbrecht, 1987:95 en 96; Mboweni, 2000:1; SA Reserve Bank, 1971:11 en 12). Die SA Reserwebankwet van 1944 (Wet No 29 van 1944) het hierdie monopolie uitgebrei en onbeperk aan die SA Reserwebank toegeken, soos steeds die geval kragtens die SA Reserwebankwet (1989) is. Die ontwerp en uitreiking van nuwe banknote is 'n proses, soos elders in hierdie artikel bespreek word. Daar was gevolglik 'n onafwendbare tydsverloop tussen die stigting van die SA Reserwebank en die uitreiking van die eerste sentrale banknote op 19 April 1922.

Na die eerste SA Reserwebanknote in omloop geplaas is, is Suid-Afrikaanse handelsbanke opdrag gegee om vanaf 30 Junie 1922 die uitreiking of heruitreiking van hul eie banknote te staak (SA Reserve Bank, 1971:22). Op hierdie wyse het handelsbanke stelselmatig banknote in omloop uit sirkulasie onttrek. Op 30 Junie 1924 het die SA Reserwebank die verpligting aanvaar vir banknote van handelsbanke wat steeds in omloop was, met handelsbanke wat 'n bedrag gelykstaande aan hierdie verpligting aan die SA Reserwebank oorbetaal het (SA Reserve Bank, 1971:23). Banknote gelykstaande in randwaarde aan sowat R373 000 (ongeveer £186 500), wat voor 30 Junie 1924 deur handelsbanke uitgereik en in omloop geplaas is, is steeds amptelik in omloop en het steeds die status van wettige betaalmiddel ten bedrae van die sigwaarde van hierdie note (SA Reserve Bank, 1971:23). Sommige van hierdie note is waarskynlik per ongeluk vernietig, terwyl die balans waarskynlik in banknootversamelings opgeneem is. Die versamelaarswaarde van hierdie note is meer as die sigwaarde daarvan, so dit is onwaarskynlik dat enige van hierdie note ooit teen sigwaarde by die SA Reserwebank ingewissel sal word. Hierdie note bly egter 'n las op die balansstaat van die SA Reserwebank.

Kock (1976:1) fokus op sentrale banke se belangrike rol in banknootuitgifte. Hy verklaar dat (1976:1):

(p)rior to the commencement of the twentieth century there had been no clearly defined concept of central banking ... in many of the older countries, one bank gradually came to assume more and more the position of a central bank, due mainly to it enjoying the sole or principal right of note issue and acting as the Government's banker and agent. They were not originally called central banks, but were generally known as banks of issue or as national banks. The regulation of the note issue subject to safeguards imposed by the State, and the maintenance of the convertibility of their notes into gold or silver ... were the principal functions of these banks.

Hierdie lang aanhaling uit De Kock (1976) beklemtoon die belangrike sentrale rol van banknootuitreiking deur sentrale banke – 'n aanvanklike funksie wat deur "evolusie" tot sentrale bankfunksies soos ons dit vandag ken, ontwikkel het. De Kock (1976) beskou die banknootuitreikingsfunksie van sentrale banke sodanig belangrik dat 'n hele hoofstuk in sy boek hieraan gewy word. Aldus De Kock (1976:20 en 21; sien ook Dunbar, 1917:79) het sentrale banke die monopolie vir banknootuitreiking gekry ten einde dit vir regerings moontlik te maak om:

- eenvormigheid in die uitreiking van banknote te kry;
- behoorlike toesig oor 'n kredietinstrument te verkry wat deur wetgewing tot 'n wettige betaalmiddel verklaar is;
- beheer oor kredietuitbreiding uit te oefen; en
- direk in die winsgewendheid van banknootuitreiking te deel, eerder as indirek deur belasting op die winste van handelsbanke wat andersins die note uitreik.

Histories is sentrale banke dus opgerig met die oogmerk om orde en eenvormigheid in die uitreiking van banknote te bring. Sentrale banke se verantwoordelik vir monetêre beleid het later gevolg; spesifiek na die afskaffing van die goudstandaard in die 1930s (bv op 28 Desember 1932 in die geval van Suid-Afrika), wat lande groter vryheid in geldskepping gegee het.

Teenoor die benadering van De Kock (1976), kry die banknootfunksie van sentrale banke tans min aandag in die literatuur en in studies oor die onderwerp van sentrale bankwese en monetêre beleid. Toonaangewende internasionale en plaaslike handboeke soos Mishkin (2010), Cecchetti en Schoenholtz (2010) en Van der Merwe et al. (2014) meld slegs kortliks dat sentrale banke vir die uitreiking van banknote verantwoordelik is, terwyl die monetêre beleidsfunksies van hierdie instellings en hul beheer oor geldvoorraad omvattend bespreek word.

Hoewel die geldvoorraad uit beide vraagdeposito's, banknote en munte in omloop bestaan, daal die rol van kontant in die geldvoorraad oor tyd. Die vergelyking vir die geldvoorraad is:

$$M = D + K$$

Waar

M = Geldvoorraad

D = Deposito's

K = Kontant (banknote en munte in omloop, ook bekend as M0, wat oor tyd verhoudingsgewys afneem in hierdie vergelyking).

Hierdie artikel fokus op die banknootfunksie van die SA Reserwebank, eerder as die totale kontantfunksie van die sentrale bank. Die totale kontantfunksie omvat die uitreiking en bestuur van banknote en munte. Terwyl die SA Reserwebank reeds sedert 1922 verantwoordelik is vir die uitreiking, sirkulasie en onttrekking van banknote, is die verantwoordelikheid vir munte eers vanaf 1988 in fases na die sentrale bank oorgeplaas. Sedert Maart 1994 word munte in omloop saam met banknote in omloop op die SA Reserwebank se balansstaat gerapporteer (SA Reserve Bank, 1994). Munte in omloop maak sowat 5 persent uit van totale kontant in omloop.

Munte word by die SA Muntmaatskappy (Edms) Bpk, een van die filiaalmaatskappye van die SA Reserwebank, aangemunt. Banknote word grootliks by die SA Banknootmaatskappy (Edms) Bpk, 'n ander filiaalmaatskappy, gedruk. Daar is baie verwarring oor hierdie saak, met die publiek wat dikwels (maar verkeerdelik) aanvaar dat die SA Munt verantwoordelik is vir die produksie van munte en note. Natuurlik maak albei fabriek geld in die tegniese sin van die woord, maar die SA Munt is 'n metaalpersaanleg, terwyl die SA Banknootmaatskappy 'n drukkery is. Die produksieprosesse is dus heeltemal verskillend.

Tot 1961, toe die desimale geldeenheid (rand en sent) in omloop geplaas is, is al die banknote wat die SA Reserwebank uitgereik het, in die buiteland gedruk. Teen 1958 is besluit dat banknote in Suid-Afrika gedruk moet word en die SA Banknootmaatskappy is as 'n gesamentlike onderneming van die SA Reserwebank (70%) en Bradbury Wilkinson, 'n Britse banknootmaatskappy, gestig (SABN, S.a). Die doel met die gesamentlike onderneming was om kennisoordrag na en bestuursvaardighede by die plaaslike maatskappy te verseker. Die SA Reserwebank het in 1969 die voorkoop-ooreenkoms vir Bradbury Wilkinson se aandele uitgeoefen en die SA Banknootmaatskappy het 'n volfiliaal van die sentrale bank geword (SABN, S.a). Dit is interessant dat banknote in Engels vandag as een woord geskryf word, maar dat die filiaal wat dit druk, se Engelse naam *SA Bank Note Company* is. Teen 1958, toe die maatskappy gestig is, was die aanvaarde Engelse konvensie om *bank note* as twee woorde te skryf.

Omdat Suid-Afrika net een aanleg het wat banknote druk, word 'n klein hoeveelheid note van elke denominasie jaarliks in die buiteland gedruk. Die deurlopende beskikbaarheid van buitelandse drukkapasiteit is deel van die SA Banknootmaatskappy se sakevoortsettingsplan (*business continuity plan*).

Die ekonomie van banknote

Suid-Afrika het reeds sedert unifikasie in 1910 sy eie onafhanklike geldeenheid (sien Rossouw, 2020 vir 'n volledige bespreking), hoewel daar baie verwarring oor hierdie saak is. Omdat die Suid-Afrikaanse pond op die Britse pond sterling gemodelleer was, beskou baie mense die twee geldeenhede as homogeen. Suid-Afrika het in 1961, dieselfde jaar as Republiekwording, die imperiale stelsel van van ponde, sjielings en pennies (£/s/d) met 'n desimale geldstelsel van rand en sent vervang. Die gevolgtrekking is dus dat desimalisasie en Republiekwording met mekaar verband hou deur die aanvaarding van 'n "onafhanklike geldeenheid". Dit was egter twee verskillende prosesse wat in dieselfde jaar plaasgevind het. Daar is reeds in 1956 besluit om 'n desimale geldstelsel in te stel, terwyl die besluit om by wyse van 'n referendum oor volle onafhanklikheid van Suid-Afrika te besluit, eers in Januarie 1960 aangekondig is. Trouens, Australië en Nieu-Seeland het albei desimale geldstelsels aanvaar en van hul eie onafhanklike stelsels van £/s/d afstand gedoen sonder om onafhanklike republieke te word (Rossouw, 2020).

Enige twyfel oor die onafhanklikheid van die Suid-Afrikaanse pond van die Britse pond word uit die weg geruim deur die gebeure van 1919 en 1931/32. Soos hierbo aangedui, het die Suid-Afrikaanse pond in 1919 teen 'n premie teen die Britse pond verhandel. Dit was ook die geval tussen September 1931 en Desember 1932. In September 1931 het die Verenigde Koninkryk die goudstandaard verlaat, maar Suid-Afrika het dit behou en eers in Desember 1932 afgeskaf. Tussen September 1931 en Desember 1932 het die Suid-Afrikaanse pond teen 'n premie bo die Britse pond verhandel. Sodanige verskil in waarde is net moontlik tussen twee onafhanklike geldeenhede (Rossouw, 2020). Op dieselfde wyse dat desimalisasie en Republiek-

wording onafhanklik van mekaar is, het die besluit om die imperiale stelsel van mates, massa, lengte, volume en so meer vanaf 1 April 1971 met die metrieke stelsel te vervang, ook niks met Republiekwording te make nie. In beide gevalle was dit ekonomiese besluite wat tot voordeel van die Suid-Afrikaanse ekonomie geneem is. Die ekonomiese voordele van desimalisasie met 'n geldeenheid met twee komponente op desimale beginsels, teenoor 12 pennies in 'n sjieling en 20 sjielings in 'n pond, is voor die hand liggend.


Sedert Unifikasie in 1910 het Suid-Afrika vir lang tydperke, spesifiek in die 1970s en 1980s, onder hoë inflasie gebuk gegaan. Dit blyk uit Figuur 1. Weens hierdie tempo van toename in pryse het die koopkrag van kontant dienooreenstemmend afgeneem. Met 'n indeks waarde van 100 in 1922, het die prysvlak soos gemeet deur die verbruikersprysindeks (VPI) tot 'n vlak van ongeveer 20 000 in 2021 toegeneem. Anders gestel: Goedere en dienste wat gemiddeld R100 in 1922 sou kos, se pryse is gemiddeld ongeveer R20 000 teen 2021.

Die SA Reserwebank het die eerste banknote op 19 April 1922 aan die publiek uitgereik (SA Reserve Bank, 1971:22). Drukwerk op die note was tweetalig in Engels en Nederlands. Hierdie banknote is gedruk deur St Luke's, die banknootdrukkery van die Bank van Engeland (SA Reserve Bank, 1971:22). Die £1-noot is eerste uitgereik, met die 10 sjieling, £5- en £20-note wat in Junie 1922 uitgereik is, en die eerste £100-note in Augustus 1922 (SA Reserve Bank, 1971:22; sien ook Engelbrecht, 1987:97). £10-note is vir die eerste keer in 1943 uitgereik (Van Rensburg, 2003:253). Teen 1928 is die gebruik van die meeste Nederlands op die banknote met Afrikaans vervang, hoewel Nederlands steeds in die agtergrondsekuriteitsdrukwerk gebruik is, gevolglik met drie tale op die note (Engelbrecht, 1987:97). Dit is interessant dat die spelling van die naam van die sentrale bank in Afrikaans tussen 1928 en 1948 as "Suidafrikaanse Reserwebank" aangedui is, waarna dit na "Suid-Afrikaanse Reserwebank" verander is (Engelbrecht, 1987:97).

Histories gesien en in ekonomiese konteks, is die sigwaarde van die £100-note uitsonderlik groot. Banknote met 'n £100-denominasie was tot in 1961 in omloop, maar na desimalisasie in 1961 was die R20-noot die grootste denominasie in omloop (Engelbrecht, 1987:101 en 113). Dit is nie uit beskikbare literatuur duidelik hoekom die sigwaarde van die grootste banknoot na desimalisasie só dramaties afgeneem het nie; met die grootste randnoot letterlik gelykstaande aan slegs 10 persent van die sigwaarde van die grootste banknoot in omloop voor desimalisasie. 'n Moontlike verklaring is die lae en slegs sporadiese uitreiking van banknote met 'n sigwaarde van £100 en £20 sedert 1922.

Van Rensburg (2003:243) rapporteer dat slegs 125 000 £20-note en 2 734 £100-note in 1922 uitgereik is. In 1928 is 'n bykomende 50 000 £20-note en 5 000 £100-note uitgereik (Van Rensburg (2003:249). In 1933 is 50 000 £20-note en 20 000 £100-note uitgereik (Van Rensburg (2003:253). 'n Verdere 30 000 £100-note is in 1952 uitgereik (Van Rensburg (2003:249). Die periodieke onttrekking uit omloop vir vernietiging van hierdie note, byvoorbeeld weens verwerping, word nie rapporteer nie. Dit is dus onmoontlik om die totale aantal banknote in omloop van hierdie twee nootreekse op enige gegewe punt te bereken.

Note met 'n sigwaarde groter as £10 (dus gelyk aan R20 na desimalisasie) is dus in klein hoeveelhede en slegs sporadies uitgereik, teenoor groot volumes note van kleiner sigwaarde (Engelbrecht, 1987; Van Rensburg, 2003). Voorts is daar voor desimalisasie in 1961 bevind dat die oorgrote meerderheid van kontanttransaksies se waarde destyds minder as een pond was (Union of South Africa, 1958). Die gevolgtrekking was dus na alle waarskynlikheid dat 'n noot met 'n sigwaarde van R20 as grootste noot voldoende in die kontantbehoefte van die Suid-Afrikaanse ekonomie sal voorsien. Aangepas vir inflasie sedert 1961, is die koopkrag van R20 nou gelykstaande aan sowat R2 000.



Figuur 1: Suid-Afrika se jaarlikse inflasiekoers sedert 1910
Bron: Statistiek Suid-Afrika

Sedert 1993 is die R200-noot die grootste Suid-Afrikaanse banknoot in omloop. Aangepas vir inflasie sedert 1993, is die gelykstaande koopkrag van R200 teen 1993 tans ongeveer R1 000. Dit is egter glad nie vergelykbaar met die aanpassing in sigwaarde van 'n £100-noot sedert 1922 nie. Aangepas vir desimalisasie en inflasie sedert 1922, is die gelykstaande koopkrag van hierdie banknoot tans sowat R40 000. Trouens, as die noot met die grootste sigwaarde in die banknootreeks, het die R200-noot die kleinste sigwaarde in reële terme wat Suid-Afrika sedert 1922 in omloop gehad het, soos blyk uit Tabel 1. In die ontleding in Tabel 1 is dit belangrik om daarop te wys dat die R20-noot as die noot met die grootste sigwaarde tussen 1966 en 1979 uit omloop onttrek is. Die rede vir hierdie besluit is waarskynlik 'n baie klein vraag na R20-note deur die publiek, met slegs 1 750 000 note wat tussen 1961 en 1966 in omloop geplaas is (Van Rensburg, 2003).

Suid-Afrika is dus gereed vir 'n banknoot met 'n groter sigwaarde as R200, ook in die lig van die feit dat die koopkrag van die grootste banknoot in 1961 (die R20-noot) na inflasie-aanpassing tans sowat R2 000 beloop.

Sedert 1922 het totale waarde van banknote (en sedert 1994 banknote en munte) in omloop gestyg, onder meer weens die styging in die prysvlak en weens ekonomiese groei oor hierdie tydperk. Oor die afgelope eeu het vorms van betaling, anders as kontant, met rasse skede ontwikkel. Teen 1922 het tjeks as vorm van betaling reeds bestaan (Suid-Afrikaanse banke het die gebruik van tjeks teen 2020 uitfaseer), maar sedertdien is betaalvorms soos kredietkaarte en direkte elektroniese betaling deur internetbankdienste ingevoer. Weens nuwe vorms van betaling is die verwagting dat die vraag na kontant vir transaksiedoeleindes sal afneem, ook weens die koste van kontant. Die teendeel is egter waar, met kontant in omloop wat teen 'n konstante tempo groei.

Teen die einde van die eerste finansiële jaar waarin die SA Reserwebank banknote uitgereik het (31 Maart 1923), het die totale waarde van SA Reserwebanknote in omloop £9 866 414/0/0 (met ander woorde R19 732 282,00 teen 'n omskakelingskoers van R2 = £1) beloop (SA Reserve Bank, 1923). Teen 31 Maart 1924 was die totale waarde in omloop £10 482 267/10/0 (SA Reserve Bank, 1924) en 'n verdere jaar later £11 194 827/10/0 (SA Reserve Bank, 1925). Oor hierdie tydperk van twee jaar was die jaarlikse groei koers dus sowat 6,5 persent per jaar.

Weens die deflasiënêre toestand gedurende die Groot Depressie van 1930 tot 1932, het die waarde van SA Reserwebank banknote in omloop gedaal. Teen 31 Maart 1932 was die waarde £8 422 037/10/0 (SA Reserve Bank, 1932), met ander woorde R16 844 075,00 en dus laer as die waarde van SA Reserwebank banknote in omloop teen 31 Maart 1923.

Die waarde van kontant in omloop in die Suid-Afrikaanse ekonomie het sedertdien toegeneem en het teen 28 Februarie 2021 R166 802 860 621,00 beloop, welke bedrag banknote en munte insluit (SA Reserve Bank, 2021). Op 31 Maart 1993 het die waarde van SA Reserwebank banknote R12 255 402,00 beloop

(SA Reserve Bank, 1993) en op 31 Maart 1994 het die SA Reserwebank gerapporteer dat munte en note in omloop R15 046 982,00 beloop (SA Reserwebank, 1994). Dit is die eerste keer dat munte in omloop as 'n las op die balansstaat van die SA Reserwebank getoon is. Verhoudingsgewys was banknote 94 persent van die totaal en munte die balans van 6 persent (SA Reserwebank, 1994). Teen 31 Maart 2020 het munte as komponent in hierdie verhouding afgeneem tot 4,2 persent van totale kontant in omloop (SA Reserve Bank, 2020). Hoewel 'n ontleding van banknote en munte soos op 28 Februarie 2021 nie gepubliseer is nie, word banknote in omloop op daardie datum teen 95,8 persent van die totaal, op R159 797 140 474,00, geraam.

Sedert 31 Maart 1923 het banknote in omloop dus gemiddeld met 9,72 persent per jaar gegroei (SA Reserve Bank, 1924; eie berekening). As die laagtepunt in banknote in omloop soos op 31 Maart 1932 as vertrekpunt geneem word, is die jaarlikse groei koers 10,97 persent (SA Reserve Bank, 1932; eie berekening). Sedert 31 Maart 1994 het banknote in omloop met 9,77 persent gegroei, terwyl munte in omloop oor dieselfde tydperk met 8,20 persent gegroei het. Ongeag die termyn is die groei in banknote in sirkulasie betreklik konstant rondom 10 persent per jaar. Dit is ten spyte van die ontwikkeling van ander betaalinstrumente gedurende die tydperk. Dit is egter nog voortydig om te voorspel of elektroniese geldeenhede soos Bitcoin enige invloed op die groei in die vraag na kontant in omloop gaan uitoefen.

Suid-Afrika se gemiddelde jaarlikse inflasiekoers was 3,3 persent sedert 1922 (Statistics SA, S.a.). Die vraag na kontant het dus baie vinniger toegeneem as die tempo waarteen pryse gestyg het. As alternatief kan die groei van banknote in omloop met die groei in nominale bruto binnelandse produk (BBP) teen heersende markpryse vergelyk word. Suid-Afrika se BBP-data strek sover terug as 1946. Teen die einde van daardie jaar het die BBP teen huidige waarde (heersende markpryse aangepas vir inflasie sedert 1946 en aangepas vir desimalisasie in 1961) R1 802 miljoen beloop, terwyl die BBP op dieselfde grondslag teen die einde van 2020 R4 973 975 miljoen beloop het (SA Reserwebank webbladsy). Die gemiddelde jaarlikse groei in nominale BBP was dus 11,3 persent. Op 31 Maart 1946 was die waarde van SA Reserwebank banknote in omloop gelykstaande aan R132 586 700,00 (SA Reserve Bank, 1946). Sedert 1946 was die groei in banknote in omloop dus 9,92 persent, met ander woorde groei teen 'n marginaal laer koers as die toename in nominale BBP oor die betrokke tydperk.

In 1994 was Suid-Afrika se nominale BBP R496 233 miljoen, wat beteken dat nominale groei van 8,9 persent per jaar sedertdien aangeteken is. Op 31 Maart 1994 was banknote ten bedrae van R14 144 miljoen in omloop. Die groei koers was dus 9,4 persent per jaar. Die nominale toename in die BBP en die groei koers in banknote in omloop toon dus 'n mate van korrelasie oor hierdie tydperk.

Banknote en munte in omloop in Suid-Afrika, gepubliseer as die SA Reserwebank se maandelikse KBP1000M-reeks, beloop slegs 4,4% van die totale M3-geldvoorraad teen Desember 2020.

Hierdie verhouding was 7,3% in Desember 1995, waarna dit afgeneem het tot 3,5% in Julie 2008 (SA Reserwebank, S.a.(b)).

Die eerste banknote wat in 1922 deur die SA Reserwebank uitgereik is, het 'n sogenaamde "betalingsbelofte" (*promise to pay*) in Engels en Nederlands gehad, byvoorbeeld ten opsigte van die £1-noot "I promise to pay the bearer on demand one pound for the South African Reserve Bank/Ek beloof op aanvraag te betaal aan toonder een pond voor de Zuidafrikaanse Reservebank", met 'n afbeelding van die handtekening van die President van die SA Reserwebank daarby. Teen 1928 is die "betalingsbelofte" in Nederlands met Afrikaans vervang terwyl Pretoria, waar die sentrale bank se hoofkantoor is, ook bygevoeg is, byvoorbeeld "Ek beloof op aanvraag te betaal aan toonder te Pretoria een pond." In die tydperk tussen 1925 en 1932, toe die Suid-Afrikaanse geldeenheid op 'n volledig-inwisselbare goudstandaard was, het die "betalingsbelofte" letterlik beteken dat SA Reserwebank banknote by die sentrale bank vir goud inwisselbaar was. In die praktyk is die inwisselbaarheid gedoen deur die uitbetaling van goue munte met die gelyke waarde aan banknote wat ingewissel is.

Nadat Suid-Afrika die goudstandaard in 1932 finaal vaarwel toegeroep het, was banknote nie langer by die SA Reserwebank vir goud inwisselbaar nie. Die "niksseggende betalingsbelofte" is egter steeds op opvolgende reekse van banknote gedruk. Dit is eers in 1992, met die bekendstelling van die "Groot Vyf" banknootreeks, laat vaar. Die reaksie was ietwat onverwags en selfs verstommend, toe dit geblyk het dat verskeie lede van die publiek op daardie stadium steeds onder die indruk was dat banknote inderdaad by die SA Reserwebank vir goud ingewissel kan word.

Hoewel die kontantfunksie in die ekonomie van banknote afhanklik is, kan dit nie van die vereffeningstelsel geskei word nie. Die vereffeningstelsel verseker die vloei van fondse tussen bankrekeninge en funksioneer op dieselfde wyse wanneer kontant uit bankrekeninge onttrek word of gedeponeer word. Die vereffeningstelsel kry ook min aandag in die literatuur, net soos die geval is met banknote. Suid-Afrika se vereffeningstelsel is bekend as die nasionale betaalstelsel (*national payment system*), wat vir intydse vereffening van transaksies op

bankrekeninge, bv kontantonttrekkings, fondsoorplasinge en kredietkaartaankope, voorsiening maak.

Die nasionale betaalstelsel het sy oorsprong in die vereffening van tjeks tussen handelsbanke, byvoorbeeld 'n tjek wat deur 'n kliënt van bank A uitgeskryf is ten gunste van 'n kliënt van bank B, en wat by bank B gedeponeer is. Bank B moet in hierdie omstandighede die fondse van bank A verhaal. Hierdie proses is aanvanklik per hand gedoen. De Kock (1954:51) verklaar "(t)he Reserve Bank also assumed the function of central clearance and settlement from the beginning ... with the clearing house ... changed to the Reserve Bank ... (from) 5 September 1921." Handelsbanke het vir vereffeningdoeleindes rekeninge by die SA Reserwebank geopen.

Die gebruik van tjeks is intussen gestaak, maar die vereffeningstelsel het in belangrikheid toegeneem. Die belangrike rol van die vereffeningstelsel in Suid-Afrika is 'n area vir verdere navorsing, ook omdat Suid-Afrika se vennootlande in die Gemeenskaplike Monetêre Gebied (GMG)¹ die Suid-Afrikaanse vereffeningstelsel gebruik. Sodanige gebruik is moontlik omdat die geldeenhede van die GMG-vennootlande teen pari met die Suid-Afrikaanse rand verhandel.

Die koste en voordele van banknote

As een van die stappe om vervalsing te verhoed, word banknote op 'n katoenbasis, eerder as 'n pulpbasis, gedruk. Saam met ander sekerheidseienskappe van banknote, verhoog dit die koste per noot, wat bydra tot die koste van die kontantfunksie van die sentrale bank.

Sekerheidseienskappe word op twee vlakke ontwerp. Daar is tegniese eienskappe wat vir die uitreiker en handelsbanke van belang is, bv om masjiensortering moontlik te maak. Van besondere belang is sekerheidseienskappe wat op die publiek gerig is. Die oogmerk is om die publiek teen vervalste banknote soos bv fotostate te beskerm. Hierdie sekerheidseienskappe verhoog die ontwerp- en produksiekoste van banknote, maar publieke vertroue in banknote sal taan sonder hierdie voorsorg. Die bekendste sekerheidseienskappe op Suid-Afrikaanse banknote in belang van die publiek is 'n watermerk, die gebruik van

Tabel 1: Reële waarde sedert 1961 van banknote in omloop met grootste sigwaarde soos op datum van onttrekking of uitreiking van groter sigwaardenoet

Sigwaarde	Vrystellingsdatum	Datum deur groter noot vervang	Beraamde reële 2021-waarde
R20	1961	NVT, onttrek in 1966	R2 000 (vanaf 1961) R1 820 (vanaf 1966)
R10	1966	1979	R910 (vanaf 1966) R340 (vanaf 1979)
R20	1979	1984	R680 (vanaf 1979) R353 (vanaf 1984)
R50	1984	1993	R884 (vanaf 1984) R255 (vanaf 1993)
R200	1993	NVT	R1 020 (vanaf 1993)

Bronne: Engelbrecht, 1987; Van Rensburg, 2003; eie berekenings.

1. Die GMG (*Common Monetary Area*) bestaan uit Eswatini, Lesotho, Namibië en Suid-Afrika.

die aanvoelbare (*intaglio*) drukwerk en 'n sekerheidstrook wat tydens die vervaardiging van die katoenbasis ingeweeft word. Voorts is daar ook drukwerk op banknote wat identifikasie vir gesiggestremde mense vergemaklik (SA Reserwebank webbladsy).

Banknote word periodiek herontwerp ter verbetering van die sekerheidseienskappe, soos tegnologie om banknote te vervals, verbeter. Verbeterde sekerheidseienskappe verhoog natuurlik die vervaardigingskoste van banknote, terwyl ontwerpprosesse ook duur en tydrowend is. Dit is juis die tydrowende aspek van banknootontwerp wat dit baie moeilik maak vir lidlande van 'n ekonomiese blok met 'n enkele geldeenheid om uit so 'n blok te tree en 'n eie geldeenheid te aanvaar. Die Verenigde Koninkryk kon suksesvol uit die Europese Unie (*Brexit*) tree omdat die land steeds die pond as geldeenheid behou het en nooit die euro aanvaar het nie.

Die SA Reserwebank maak nie die drukkoste per banknoot bekend nie en jaarlikse produksiekoste kan weens ongesirkuleerde banknootbuffervoorraad nie na note in omloop herlei word nie. Bloot oorhoofse totale jaarlikse koste van kontantvervaardiging (banknote en munte) word gepubliseer, sonder jaarlikse produksievolumeaanduidings (sien bv SA Reserve Bank, 2020).

Die waardeketting van banknote dra ook by tot die koste daarvan. Die produksiekoste van banknote kan spreekwoordelik as die "punt van die ysberg" beskou word. Nadat banknote by die SA Banknootmaatskappy in Pretoria-Noord gedruk is of uit die buiteland ingevoer is, moet die SA Reserwebank dit aan handelsbanke beskikbaar stel. Handelsbanke stel dit op hul beurt weer aan die publiek beskikbaar. Die SA Reserwebank "besluit" nie hoeveel banknote om aan die publiek beskikbaar te stel nie; die aantal banknote in omloop is uitsluitlik vraaggedrewe. As die publiek meer banknote wil bekom, maak handelsbanke dit beskikbaar, maar natuurlik binne die beperkings van die bestaande deposito's of kredietreëlings van hul kliënte. Historiese neigings in Suid-Afrika toon dat die vraag na banknote seisoenaal styg wanneer mense reis, soos tydens Paasaweek en oor jaareinde en Nuwejaar.

Handelsbanke moet reëlings tref om banknote by die SA Reserwebank in ontvangs te neem en surplusnote te deponeer. Die SA Reserwebank het vir baie jare kontantdepottakke in Bloemfontein, Durban, Johannesburg, Kaapstad², Oos-Londen, Port Elizabeth en Pretoria-Noord gehad, nadat die fasiliteite in Pietermaritzburg en Pretoria gesluit is en die fasiliteit in Windhoek aan die Bank of Namibia oorhandig is ten tye van daardie land se onafhanklikheid. Na onlangse herooringing is slegs die kontantdepottakke in Durban, Johannesburg, Kaapstad en Pretoria-Noord behou. Dit het die koste van banknootverspreiding vir die SA Reserwebank verminder, maar kontantbeveiliging, -voorsiening, -verspreiding en -onttrekking (beide na seisoenale aanvraaghoogtepunte soos Paasaweek en die feesseisoen teen jaareinde) en weens verwering, bly 'n duur funksie.

Die koste van misdadigheid ten opsigte van banknote kan uit 'n paar oogpunte belig word. Eerstens is daar die koste van kontantroof, soos kontant-in-transito rooftogte. Dit gaan dikwels gepaard met lewensverlies, waarvan die koste onberekbaar groot is.

Tweedens ondersteun kontant misdadige transaksies, waar partye tot die transaksie geen naspeurbare rekord wil nalaat nie. Kontant is 'n toonderdokument wat optimaal geskik is vir hierdie doel. Om sodanige transaksies aan bande te lê, is daar wetlike openbaarmakingsvereistes wanneer groot bedrae kontant by enige bank gedeponeer word. Gevolglik sirkuleer hierdie kontant buite die bankstelsel.

Laastens word banknote ook gebruik as 'n bateklas, spesifiek waar twyfelagtige transaksies ter sprake is. Kontant word bloot opgepot en dus verkies bo beleggings in ander bateklasse of in rekeninge by handelsbanke. Dit is dus ook 'n metode om die aard van die belastingowerhede te ontduik.

Die grootste voordeel van kontant is die gemak waarmee die publiek daarmee kan handel dryf. Sonder gestandaardiseerde kontant sal edelmetale soos silwer of goud, of ruilhandel, in handelstransaksies aan die orde van die dag wees. Die SA Reserwebankwet (1989) is baie spesifiek oor die gebruik van kontant in handel, deur in Artikel 17 te verklaar dat banknote wettige betaalmiddel tot enige bedrag in enige transaksie is, terwyl munte soos volg wettige betaalmiddel is:

- (i) R50 wanneer muntdenominasies van R1 en groter gebruik word;
- (ii) R5 wanneer muntdenominasies van 10c en groter, tot 'n maksimum van 50c gebruik word; en
- (iii) 50c wanneer muntdenominasies van 5c en kleiner gebruik word.

'n Verdere groot voordeel uit kontant in omloop is die muntloon (*seigniorage*) wat die sentrale bank te beurt val. Kontant in omloop is 'n belangrike bron van inkomste vir sentrale banke soos die SA Reserwebank. Kontant is 'n las op die balansstaat waarteen die sentrale bank bates soos buitelandse valuta-reserwes en staatseffekte hou, wat inkomste verdien. Die inkomste wat verdien word op die kontant in omloop bo die produksiekoste daarvan, staan bekend as muntloon (*seigniorage*). Uiteraard kan muntloon op 'n bruto of netto basis bereken word. Op 'n aanname dat die SA Reserwebank se opbrengs 2 persent per jaar (die opbrengs op buitelandse valuta-reserwes is baie laag en daar is prakties geen opbrengs op goudreserwes nie) op die bates is wat deur kontant in omloop befonds word, is die geskatte jaarlikse bruto inkomste op 'n bedrag van R166 802 860 621,00 teen 28 Februarie 2021 sowat R3 336 miljoen. Op 'n netto basis moet die produksiekoste afgetrek word. In die 2019/20-finansiële jaar rapporteer die SA Reserwebank die produksiekoste van nuwe note en munte as R2 143 miljoen (SA Reserve Bank, 2020). Op hierdie basis word muntloon as inkomste vir die sentrale bank dus geraam op R1 193 miljoen, wat gebruik kan word ter bestryding van ander

2. Ten tye van die stigting van die Kaapstad-tak van die SA Reserwebank, was die Engelse skryfkonvensie *Capetown* (soos byvoorbeeld in *Parktown*), met *Cape Town* as twee woorde wat eers later in gebruik gekom het. Dit is in teenstelling met die skryfkonvensie vir *banknotes*.

kostes ten opsigte van banknote en ander uitgawes van die SA Reserwebank.

Die bruto bedrag kan nie verder volledig of korrek met ander relevante banknootkoste aangepas word nie. Hierdie kostes sluit in:

- (i) Die koste om kontant vanaf die produksiefasiliteite deur die SA Reserwebank se kontanttakdepots te versprei en die vernietiging van verslede banknote na sirkulasie. Die koste word nie afsonderlik deur die SA Reserwebank gerapporteer nie.
- (ii) Die operasionele koste van die kontanttakdepots van die SA Reserwebank.
- (iii) Die koste van die muntloonverdelingsooreenkoms met Suid-Afrika se vennootlande in die GMG. Suid-Afrikaanse banknote sirkuleer in die GMG-vennootlande en daardie lande word deur die muntloonverdelingsooreenkoms finansieel vir sodanige sirkulasie vergoed. Vir die 2022-belastingjaar beloop die begrote muntloonverdelingsbetaling sowat R1,3 miljard (National Treasury, 2021:94).

Ten spyte van hierdie koste wat nie vasgestel kan word nie, is muntloon van die perspektief van die SA Reserwebank en alle ander sentrale banke steeds 'n baie voordelige inkomstebron.

Gevolgtrekkings

Hierdie artikel dra by tot die uitbreiding van die beperkte bestaande literatuur oor banknote en verwante aspekte. Die belangrike banknootfunksie van sentrale banke word onderskat en moet meer aandag in akademiese en ander literatuur geniet.

Die SA Reserwebank reik sedert 1922 banknote uit, terwyl die muntuitreikingsfunksie in stappe sedert 1988 vanaf die regering na die sentrale bank oorgeplaas is. Daar is egter verwarring by die publiek oor die verantwoordelikheid vir aanmunting en vir die druk van banknote. Banknote word by die SA Banknootmaatskappy, 'n filiaal van die SA Reserwebank, gedruk. Daarteenoor word munte deur die SA Muntmaatskappy vervaardig. Albei fabriekes maak geld in die tegniese sin van die woord, maar die produksieprosesse is heeltemal verskillend.

Suid-Afrika het reeds sedert unifikasie in 1910 sy eie onafhanklike geldeenheid, hoewel daar baie verwarring oor hierdie saak is. Suid-Afrika het in 1961, dieselfde jaar as Republiekwording, die imperiale stelsel van ponde, sjelings en pennies (£/s/d) met 'n desimale geldstelsel van rand en sent vervang. Die gevolgtrekking by sommige mense is dat desimalisasie en Republiekwording met mekaar verband hou as die aanvaarding van 'n "onafhanklike geldeenheid", wat 'n verkeerde afleiding is. Desimalisasie en Republiekwording was twee onafhanklike prosesse wat toevallig in dieselfde jaar gebeur het, met Suid-Afrika wat reeds voor 1961 'n onafhanklike geldeenheid gehad het.

Sedert 31 Maart 1923 het banknote in omloop met gemiddeld met 9,72 persent per jaar gegroei en 'n gemiddelde jaarlikse groeikoers van rondom 10 persent per jaar is ook vir ander tydperke aangeteken. Hierdie betreklik konstante groeikoers is

behaal ten spyte van wisselvalligheid in die groeikoers van die reële BBP en in die koers van prysstygings soos gemeet deur die inflasiekoers. Meer navorsing is dus nodig oor die drywers in die groei van die waarde van banknote in omloop, terwyl dit onduidelik is of kriptogeldeenhede die groeikoers van banknote in omloop gaan verander.

Die reële sigwaarde van die grootste banknoot in omloop het sedert 1922 afgeneem. Die R200-noot het reeds sedert 1993 die grootste sigwaarde en is in reële terme die noot met die laagste sigwaarde in omloop sedert 1922. Die gevolgtrekking is dat die tyd ryp is vir 'n noot met groter sigwaarde, byvoorbeeld R500 of R1 000.

Selfs binne 'n kontantomgewing is die nasionale betaalstelsel van groot belang, want dit is die stelsel wat gebruik word as kliënte kontant uit bankrekening onttrek of deponeer. Die stelsel maak intydse vereffening van transaksies op bankrekening moontlik. Hierdie stelsel kry min aandag in akademiese literatuur, net soos die geval met banknote is. Die nasionale betaalstelsel word gevolglik geïdentifiseer as 'n gebied vir toekomstige navorsing, ook binne die konteks van die GMG.

Die koste van die muntloonverdelingsooreenkoms tussen Suid-Afrika en die GMG is insgelyks 'n aspek wat min aandag kry. Hierdie aspek word ook as 'n area vir verdere navorsing geïdentifiseer.

Laastens is daar geen vergelykende studies van die banknootverspreidingsfunksies van sentrale banke beskikbaar nie. Só 'n studie kan nuttig wees binne 'n groter vergelykende studie van institusionele aspekte van sentrale banke.

Datums

Ontvang: 08/04/2021

Aanvaar: 01/07/2021

Gepubliseer:

Bronnelys

- Arndt, E.H.D., 1928, *Banking and currency development in South Africa, 1652-1927*. Juta: Cape Town.
- Betaalmiddele en Bankwet, Wet No. 31 van 1920.
- Cecchetti, S. & Schoenholtz, K., 2010, *Money, Banking and Financial Markets*. McGraw Hill/Irwin.
- Cohen, B.J., 2002, *Monetary instability: Are national currencies becoming obsolete?* Paper 15 of the Global and International Studies Program. University of California: Santa Barbara. https://doi.org/10.1007/978-94-010-0251-6_3.
- D'Assonville, V.E., 1999, S. J. du Toit van die Paarl (1847 tot 1911). 1e druk. Marnix: Pretoria.
- De Kock, G., 1954, *A history of the South African Reserve Bank (1920 - 52)*. J.L. van Schaik Ltd: Pretoria.
- De Kock, M.H., 1976, *Central Banking*. 4th edition reprinted. Norwich: Grenada Publishing Ltd
- Dunbar, C.F., 1917, *The Theory and History of Banking*. 3rd edition. New York: Putnam.
- Engelbrecht, C.L., 1987, *Geld in Suid-Afrika*. Tafelberg Uitgewers: Kaapstad.
- Grobler, J., 2017, *Oor Berge en Dale: Op Reis met 'n Monumentjagter*. Jonathan Ball Publishers.
- Mboweni, T.T., 2000, *Address at the Pretoria Council for Businesswomen*. Pretoria. 14 March
- Mishkin, F.S., 2010, *Money, Banking and Financial Markets*. 9th edition. Pearson Education, Inc.

- National Treasury., 2021, Full estimates of National Expenditure. National Treasury: Pretoria.
- Rossouw, J., 2008, Inflation in South Africa: 1921 to 2006. History, measurement and credibility. PhD-tesis voorgelê ter vervulling van die voorwaardes vir 'n PhD-graad. University of KwaZulu-Natal.
- Rossouw, J., 2011, South African Reserve Bank: Commemorative publication 2011. Pretoria: SA Reserve Bank.
- Rossouw, J., 2020, Diamantjubiläum van desimalisasie: 60 jaar van Suid-Afrikaanse rand en sent. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 60(3), 658-673. <https://doi.org/10.17159/2224-7912/2020/v60n3a6>.
- SABN. S.a. Aanlyn by <https://sabn.simplify.hr/> [Internettoegang op 1 April 2021].
- SA Reserve Bank. S.a.(a). Factors leading to the establishment of the South African Reserve Bank. Fact sheet No 6. SA Reserve Bank: Pretoria.
- SA Reserve Bank. S.a.(b). Various issues of the Quarterly Bulletin.
- SA Reserve Bank. 1923. Report of the third ordinary meeting of stockholders, 20 July 1923. SA Reserve Bank: Pretoria.
- SA Reserve Bank. 1924. Report of the fourth ordinary meeting of stockholders, 25 June 1924. SA Reserve Bank: Pretoria.
- SA Reserve Bank. 1925. Report of the fifth ordinary meeting of stockholders, 28 July 1925. SA Reserve Bank: Pretoria.
- SA Reserve Bank. 1932. Report of the twelfth ordinary meeting of stockholders, 6 July 1932. SA Reserve Bank: Pretoria.
- SA Reserve Bank. 1946. Report of the twenty-sixth ordinary meeting of stockholders, 9 August 1946. SA Reserve Bank: Pretoria.
- SA Reserve Bank. 1971. A short historical review issued in commemoration of the Bank's fiftieth anniversary. SA Reserve Bank: Pretoria.
- SA Reserve Bank. 1993. Seventy-third ordinary meeting of shareholders, 24 August 1993. SA Reserve Bank: Pretoria.
- SA Reserve Bank. 1994. Seventy-fourth ordinary meeting of shareholders, 23 August 1994. SA Reserve Bank: Pretoria.
- SA Reserve Bank. 2020. Annual Report 2019/20. Aanlyn by <https://www.resbank.co.za/content/dam/sarb/publications/shares-correspondence/2020/10045/South-African-Reserve-Bank-Annual-Report-2019-20.pdf> [Internettoegang op 30 Maart 2020].
- SA Reserve Bank. 2021. Statement of Assets and Liabilities as at 28 February 2021. Aanlyn by <https://www.resbank.co.za/content/dam/sarb/publications/statements/assets-and-liabilities/2021/February%202021.pdf> [Internettoegang op 30 Maart 2021].
- SA Reserwebankwet van 1944 (Wet No 29 van 1944).
- SA Reserwebankwet. 1989. Wet op die SA Reserwebank, Wet No 90 van 1989, soos gewysig.
- SA Reserwebank webbladsy. Aanlyn by www.resbank.co.za [Internettoegang op 30 Maart 2021].
- Statistics SA. S.a. Aanlyn by <http://www.statssa.gov.za/> [Internettoegang op verskeie datums].
- Union of South Africa. 1958. Report of the Decimal Coinage Commission. UG 35/1958. Government Printer: Pretoria.
- Van der Merwe, E., Mollentze, S., Rossouw, J., et al., 2014, *Monetary Economics*. Second Edition. Oxford University Press.
- Van Rensburg, C., 2003, *Die Suid-Afrikaanse munt en banknoot katalogus*. Randburg Coin: Randburg.